

**Vandag gaan ons afsluit met die boek van Prediker.**

**Ek wil julle asb aanmoedig om Hoofstuk 10, 11 & 12 op jou eie tyd rustig deur te lees iewers gedurende hierdie paar af dae.**

# Prediker 12:12-14

**12Die belangrikste van alles is: My seun, wees
versigtig! Daar kom nie 'n einde aan die skryf van
baie boeke nie, te veel studie ooreis die
liggaam. 13Die slotsom van alles wat jy gehoor het,
is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is
wat van die mens gevra word. 14God sal rekenskap
eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die
geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.**

# 1. Alles is nie sinneloos nie - Solank dit wat jy doen jou by die Here uit bring.

12Die belangrikste van alles is: My seun, wees versigtig! Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie, te veel studie ooreis die liggaam.

Deur die boek van Prediker het Salomon gepraat oor wysheid wat goed is en vir jou goeie goed in die lewe kan gee, maar dat alles waarvoor jy so hard gewerk het in 'n oogwink kan verdwyn, selfs jou lewe.

Hy sê dat die selfde lot die wyse en die dwaas gaan tref... Albei gaan sterf.

Wat help dit om wysheid te hê as jy jou wysheid gebruik om na wind te jaag?

**Die mensdom is al vir wie weet hoe lank besig om 'n vraag te ondersoek: "Waar kom ons vandaan?"**

**Weetenskap, Sterrekunde en self Fisika het alles ontstaan omdat die mens soekend is na antwoorde.**

**Bitter slim mense, wat kan uitwerk hoe die sterre werk en hoe die wêreld werk.**

**Maar hulle bly soekend, dis asof die wêreld se kennis hulle nie kan bevredig nie.**

**Ja, hierdie kennis oor die die dinge van die wêreld werk het deur die eeue verseker die mensdom se lewe baie meer gerieflik, gemaklik en vinniger gemaak. Maar wat help dit ons as ons nie die Here ken nie?**

Ek en jy lewe in 'n era waar informasie vrylik beskikbaar is. Jy kan in 'n oomblik 'n opgesomde weergawe oor enige iets in die wêreld kry. Ons weet meer, doen meer, maar steeds voel ons leeg en alles wat ons het is nie genoeg nie.

As jy nie die Here ken nie, beteken hierdie boeke en boeke informasie niks nie.

Waar Salomo sê: "my seun, wees versigtig", sê hy vir ons ook: "wees versigtig".

Al die kennis en wysheid oor alle onderwerpe op die aarde beteken niks as dit ons nie tot God lei nie...

# 2. Die ware lewe begin by 'n lewe van eerbied vir die Here



13Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word.

**Vir die afgelope paar weke hoor ons dat die lewe wat ons na jaag, 'n lewe van gemak en plisier en geen struikels 'n gejaag na wind is.**

**Vir wat doen ons so baie om gemaklik te leef as daar in 'n oogwink iets kan gebeur wat dit weg kan vat?**

**Dit is sinneloos om jou so af te sloof, dit is 'n gejaag na wind...**

**Alles kom tot niks.**

**Alles is tydelik...**

**Maar, Die Here is ewig!**

**Wat Hy vir ons gee is ewig...**

**Die verhouding wat Hy met ons het en ons met Hom is ewig.**

**Die vergifnis wat Hy bied het 'n eindelose resultaat, Ewige lewe.**

**Ons hele lewens is net die begin van die lewe wat die Here vir ons gee.**

# Hoe Dien ek die Here en hoe gehoorsaam ek Sy gebooie?

- **Begin jou dag met Hom: In gebed en Woord – erken Sy heerskappy.**
- **Wees gehoorsaam in die klein dinge: Getrouheid, eerlikheid, liefde vir ander.**
- **Laat Hom toe om jou prioriteite te bepaal: Werk, gesin, geld, tyd – alles onder Sy leiding.**
- **Wees nederig: Dien God beteken om te sê: "U weet beter as ek."**



# 3. Daar is reg en verkeerd in die lewe, want daar is 'n Regverdige Regter...

14God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.

**Hierdie laaste vers wat die boek van Prediker afsluit vorseer my en jou om 'n paar vrae te antwoord...**

- **Besef ons dat God weet van elke keuse wat ons maak, in die openbaar of in die geheim.**
- **Is ons besig om ons lewens aan die Here toe te wei?**
- **Lewe ons dalk 'n dubbele lewe? Een waar ons die Here dien en gehoorsaam is aan Sy gebooie, en een waar ons lewe soos ons wil?**
- **Soek ek net die Here as dit vir my goed of gemaklik is?**
- **Hoe lyk my gehoorsaamheid aan die Here?**
- **Vertrou ek die Here?**
- **Wat moet ek in my lewe herprioritiseer om die Here eerste te stel?**



**In ons lewens gaan ons 'n klomp goed beleef. 'n Klomp goeie goed, en ook 'n klomp slegte goed.**

**Wat ons in elke liewe situsaie wel kan leer doen is dit...**

**DIEN GOD EN GEHOORSAAM SY GEBOOIE...**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS